

Inhoud

Dankbetuiging	ii
Voorwoord	iii
HOOFSTUK 1	1
Sleutels, toonhoogtes en nootwaardes	1
HOOFSTUK 2	9
Tydmaatttekens	9
HOOFSTUK 3	14
Groepering	14
HOOFSTUK 4	26
Ritmiese komposisie	26
HOOFSTUK 5	33
Toonsoorte	33
HOOFSTUK 6	40
Transkripsie en transposisie	40
HOOFSTUK 7	50
Toonlere	50
HOOFSTUK 8	58
Intervalle	58
HOOFSTUK 9	71
Drieklanke	71
HOOFSTUK 10	78
Vierstemmige akkoorde	78
HOOFSTUK 11	88
Kadense	88
HOOFSTUK 12	100
Melodieskryf	100
HOOFSTUK 13	107
Die Simfonieorkes	107
HOOFSTUK 14	114
Musiekuitdrukings en versierings	114
HOOFSTUK 15	126
Vormontleding	126
BIBLIOGRAFIE	130

HOOFSTUK 1

Sleutels, toonhoogtes en nootwaardes

1.1 Sleutels

In Graad 4 is die G-sleutel, F-sleutel en een nuwe sleutel, die altsleutel, van toepassing.



1.1.1 Die altsleutel

Die altsleutel stel die derde lyn van die notebalk vas as middel-C. Die middelste deel van die sleutel is om hierdie rede op die derde lyn. Let daarop dat die altsleutel 'n dubbelyn aan die linkerkant het; dit vorm deel van die sleutelteken:




Vb. 1.1

Daar is ook 'n ander wyse waarop die altsleutel geskryf kan word:



Vb. 1.2

i) Middell-C: verhouding tussen die G-, F- en altsleutel



Vb. 1.3

Oefening 1.1

Skryf ten minste tien altsleutels op die volgende notebalk.

HOOFSTUK 2

Tydmaattekens



2.1 Enkelvoudige tydmaat

Alle enkelvoudige tydmaattekens is reeds in vorige grade behandel en word in die volgende tabel opgesom:

Enkelvoudige tweeslagmaat	Enkelvoudige drieslagmaat	Enkelvoudige vierslagmaat
$\frac{2}{4}$ $\frac{2}{2} (\text{C})$	$\frac{3}{8}$ $\frac{3}{4}$ $\frac{3}{2}$	$\frac{4}{4} (\text{C})$ $\frac{4}{2} (\text{C})$

Tabel 2.1

Die volgende vier nuwe tydmaattekens word bygevoeg: $\frac{5}{8}$ $\frac{5}{4}$ $\frac{7}{8}$ $\frac{7}{4}$ ⁴

Hierdie tydmaattekens word **onreëlmatige tydmaattekens** genoem en word as enkelvoudige tydmaattekens geklassifiseer.

2.2 Saamgestelde tydmaat

In Graad 4 is die volgende saamgestelde tydmaattekens steeds van toepassing:

Onthou

$$\frac{6}{8} \quad \frac{9}{8} \quad \frac{12}{8}$$

'n Saamgestelde tydmaatteken se ooreenstemmende enkelvoudige tydmaattekens word as volg bereken:

$$\begin{array}{ccccccc} 6 & & 3 & = & 2 \\ 8 & \div & 2 & = & 4 \\ \uparrow & & & & \uparrow \\ \text{Saamgestelde} & & & & \text{Ooreenstemmende} \\ \text{tydmaattekens} & & & & \text{enkelvoudige} \\ & & & & \text{tydmaattekens} \end{array}$$

Vb. 2.1

⁴ Slegs vir die Trinity Guildhall leerplan voorgeskryf.

Oefening 2.1

Voorsien elkeen van die volgende mate van 'n tydmaatteken:

Exercise 2.1 consists of six musical staves, each with a different time signature and fingering:













- Staff 1: Treble clef, 2/4 time signature. Fingering: 5.
- Staff 2: Bass clef, 2/4 time signature. Fingering: 3.
- Staff 3: Bass clef, 2/4 time signature. Fingering: 2 and 5.
- Staff 4: Bass clef, 2/4 time signature. Fingering: 7 and 7.
- Staff 5: Treble clef, 2/4 time signature. Fingering: 2 and 3.
- Staff 6: Treble clef, 2/4 time signature. Fingering: 5.

Oefening 2.2


Voorsien die volgende voorbeelde van maatstrepe:

Exercise 2.2 consists of two musical staves, each with a different time signature and fingering:

- Staff 1: Bass clef, 4/2 time signature. Fingering: 5.
- Staff 2: Bass clef, 3/4 time signature. Fingering: 3.

Maatslag 1 en 2 kan uit 'n enkel nootwaarde bestaan, moenie gespande note gebruik nie.	
Maatslag 2 en 3	
Drieslagmaat: Note moet sover as moontlik saam gegropeer word en 'n enkel nootwaarde kan oor beide maatslae strek. Hierdie reël is nie van toepassing wanneer die ritme van maatslag 3 van maatslag 2 verskil nie.	 
Vierslagmaat: Maatslae kan slegs saam gegropeer word as dit uit 'n enkel nootwaarde bestaan.	
Maatslag 3 en 4	
Note moet sover as moontlik saam gegropeer word. Hierdie reël is nie van toepassing wanneer die die twee maatslae se ritme verskil nie.	
Maatslag 3 en 4 kan uit 'n enkel nootwaarde bestaan, moenie gespande note gebruik nie.	
Sinkopasie	
Verbindingsboë moet vermy word, maar nie ten koste van groepering reëls nie.	 
In 'n nootgroep wat uit 'n kort noot gevolg deur 'n lang noot bestaan, moet verbindingsboë vermy word.	 
In 'n kort-lank-kort nootgroep moet verbindingsboë vermy word.	 

ii) Rustekens

Reël	Voorbeeld
'n Aparte rusteken word gebruik vir elke maatslag wat rus.	
Indien 'n hele maat rus, ongeag die tydmaatteken, word 'n heelrus gebruik.	
Indien maatslag 1 en 2 of 3 en 4 van 'n vierslagmaat rus, word een rusteken gebruik.	


3.2 Saamgestelde tyd

3.2.1 Onderverdeling van maatslae

Oefening 3.6





Skryf langs die beskrywing in kolom A die nommer van die beskrywing in kolom B wat die beste daarby pas.

Kolom A	
Foutiewe groepering	
Enkelvoudige drieslagmaat	
Vyf note in die tyd van ses	
Saamgestelde drieslagmaat	
Korrekte groepering	


Kolom B	
1)	$\frac{6}{8}$
2)	
3)	$\frac{9}{8}$
4)	
5)	
6)	$\frac{3}{4}$
7)	

Oefening 3.7

Voltooi elkeen van die volgende mate met korrek gegropeer note. Elke maat moet ten minste een onreëlmatige nootgroep bevat.



HOOFSTUK 4



Ritmiese komposisie

Afbakening van die verskillende leerplanne

UNISA	Nie voorgeskryf nie.
ABRSM	'n Keuse tussen die voltooiing van 'n ritmiese voorbeeld en 'n ritmiese komposisie vir gegewe woorde.
Trinity Guildhall	Ritmiese komposisie vir gegewe woorde.

4.1 Die voltooiing van 'n ritmiese voorbeeld: opsomming van werk wat in Graad 3 behandel is

Enige kombinasie van ABAB-vorm wat met 'n gevoel van finaliteit eindig.






Enige kombinasie van ABC-vorm waarvan een van die seksies herhaal. Dit moet ook met 'n gevoel van finaliteit eindig.

Vrye benadering: deel die voorbeeld in twee 2-maat frases. Beskou die eerste twee mate as 'n vraag en die laaste twee mate as 'n antwoord. Die laaste maat moet verkieslik uit een tot twee note of 'n noot en 'n rusteken bestaan sodat 'n gevoel van finaliteit geskep kan word.

Tabel 4.1

Oefening 4.1

Voltooi elkeen van die volgende ritmiese voorbeelde. Die aanvang word gegee.




4.2 Die skryf van 'n ritme vir gegewe woorde


In hierdie afdeling word die woorde, van byvoorbeeld 'n gedig, gegee waarna 'n gepaste ritme vir die woorde geskryf moet word. Dit moet in gedagte gehou word dat die woorde in die vraestel in Engels is.

4.2.1 Reëls

- Elke woord of lettergreep moet presies onder die noot waarop dit van toepassing is, geskryf word.
- As woorde of lettergrepe in dieselfde maatslag voorkom, word note nie saam gegroepeer nie:




Vb. 4.1 Korrekte notasie



Vb. 4.2 Foutiewe notasie

6.2.2 Transponerende instrumente⁷

Transponerende instrumente klink laer as konsertstemming (die toonhoogte waarop nie-transponerende instrumente, byvoorbeeld die klavier en viool gestem is). Gevolglik moet transponerende instrumente hoër speel as konserstemming. Transponerende instrumente word vernoem na die toonhoogte wat gehoor word wanneer C gespeel word. Byvoorbeeld, as 'n horing in F 'n C speel, klink dit soos F, 'n volmaakte kwint laer. Om soos konsertstemming te klink, moet die horing in F 'n volmaakte kwint hoër as konsertstemming speel (Vb. 6.2 en vb. 6.3). Dieselfde beginsel geld wanneer konsertstemming 'n ander toonhoogte is. Die transponerende instrument se naam bly egter onveranderd.



Vb. 6.2 Transposisie vir 'n instrument in F

Konsertstemming

EPH









Horing in F

EPH

Vb. 6.3

'n Melodie moet getransponeer word vanaf konsertstemming vir 'n transponerende instrument of vice versa. Die voorgeskrewe transponerende instrumente en hul interval van transposisie bokant konsertstemming word in Tabel 6.1 uiteengesit. Let op die oktaaf-aanduiding (8) by sommige sleutels.

⁷ Slegs vir die Trinity Guildhall leerplan voorgeskryf.

Konsertstemming	Transponerende instrument se notasie
	<p style="text-align: center;">Horing in F</p> <p>Volmaakte kwint hoër as konsertstemming genoteer.</p> 
	<p style="text-align: center;">Kitaar</p> <p>Volmaakte oktaaf hoër as konsertstemming genoteer.</p> 
	<p style="text-align: center;">Kontrabas</p> <p>Volmaakte oktaaf hoër as konsertstemming genoteer.</p> 
	<p style="text-align: center;">Sopraanblokfluit</p> <p>Volmaakte oktaaf laer as konsertstemming genoteer.</p> 


Tabel 6.1

Oefening 6.5


Die volgende voorbeelde is in konsertstemming. Skryf hulle oor vir die gevraagde transponerende instrument. Gebruik 'n toonsoortteken.

Konsertstemming

W.A. Mozart




Sopraanblokfluit



8.2 Majeur intervalle


Wanneer 'n majeur interval met 'n halftoon vergroot word, staan dit as 'n **vergroete interval** bekend. Wanneer 'n majeur interval 'n halftoon kleiner word, staan dit as 'n **mineur interval** bekend. Wanneer 'n mineur interval 'n halftoon kleiner word, staan dit as 'n **verminderde interval** bekend (Vb. 8.4).




Vb. 8.4

Die kwaliteitverandering van 'n majeur interval kan teweeggebring word deur:

- ⇒ die boonste noot te verander (Vb. 8.5)
- ⇒ die onderste noot te verander (Vb. 8.6)



Vb. 8.5



Vb. 8.6

Oefening 8.3

Verander die volgende majeur intervalle se **boonste noot** sodat 'n verminderde, mineur en vergroete interval gevorm word.

VERMINDERD ← MINEUR ← MAJEUR → VERGROOT

Oefening 8.4 (vervolg)

Oefening 8.5

Skryf die volgende intervalle **bokant** die gegewe note:

Verminderde kwint Majeur sekst Vergrote kwart Rein oktaaf Majeur septiem

Rein kwint Mineur terts Majeur sekunde Volmaakte priem Majeur septiem


Oefening 8.6

Skryf die volgende intervalle **bokant** die gegewe note. Skryf die antwoord op die leë notebalk. Die eerste een word as voorbeeld gegee.

Majeur terts Volmaakte priem Vergrote kwart Mineur sekst Verminderde septiem

8.1 Omkering van intervalle¹⁰

Wanneer die note van 'n interval omgeruil word, staan dit as **omkering** bekend:




Vb. 8.7

Enige noot van 'n interval kan omgekeer word. Soos in die voorbeeld hierbo gesien kan word, bring omkering ook 'n verandering van kwaliteit en kwantiteit mee. Verdere verandering word hieronder uiteengesit.

8.1.1 Kwaliteit

- 'n Volmaakte interval bly volmaak:



Vb. 8.8

- 'n Majeur interval word 'n mineur interval en vice versa:




Vb. 8.9

- 'n Vergrote interval word 'n verminderde interval en vice versa (Vb. 8.7).

8.1.2 Kwantiteit

- 'n Eenklank word 'n oktaaf en vice versa ($9 - 1 = 8$):




Vb. 8.10

¹⁰ Slegs vir die UNISA leerplan voorgeskryf.

HOOFSTUK 9

Drieklanke







Afbakening van die verskillende leerplanne

UNISA	Primêre drieklanke in grondposisie, eerste omkering en tweede omkering. Die skryf van sekondêre drieklanke in grondposisie en eerste omkering.
ABRSM	Primêre drieklanke in grondposisie.
Trinity Guildhall	Die tonika drieklank in grondposisie, eerste omkering en tweede omkering.

9.1 Kwaliteit van die drieklank (tipe drieklank)

Die volgende tabel is 'n opsomming van die verskillende drieklanke wat in vorige grade bespreek is:

Majeur drieklank	
	Grondnoot + majeure terts bokant die grondnoot + volmaakte kwint bokant die grondnoot
Vergrote drieklank	
	Grondnoot + majeure terts bokant die grondnoot + vergrote kwint bokant die grondnoot
Mineur drieklank	
	Grondnoot + mineur terts bokant die grondnoot + volmaakte kwint bokant die grondnoot
Verminderde drieklank	
	Grondnoot + mineur terts bokant die grondnoot + verminderde kwint bokant die grondnoot

Tabel 9.1

Die volgende tabel is 'n opsomming van drieklanke se kwaliteite in 'n majeur, harmoniese mineur en natuurlike mineur:

Oefening 9.1 (vervolg)

g: iv⁶₄ e: i D: iii⁶ c: ii^{o6} C: IV⁶₄

C: V E: vi⁶ b: vii^{o6} G: V⁶₄ f#: VI⁶

Oefening 9.2

Skryf die volgende drieklanke sonder toonsoortteken:

c#: ii^{o6} g: iv⁶ B^b: I⁶₄ A^b: vii^{o6} G: V⁶₄

A: IV⁶₄ b: ii^o d: i⁶ F: V⁶₄ f#: III⁺⁶

e: VI⁶ C: V⁶₄ b^b: v⁶ E: IV A^b: I⁶₄

f: vii^{o6} g#: ii^{o6} D: vi⁶ c: i⁶₄ B: IV

E: I⁶ C: vii^{o6} e^b: i A: vi F: V⁶₄

HOOFSTUK 10


Vierstemmige akkoorde

Afbakening van die verskillende leerplanne

UNISA	Die skryf van primêre drieklanke as vier-stemmige akkoorde in grondposisie, eerste omkering en tweede omkering in. Die skryf van sekondêre drieklanke as vier-stemmige akkoorde in grondposisie en eerste omkering.
ABRSM	Herkenning van vier-stemmige primêre akkoorde in grondposisie.
Trinity Guildhall	Die skryf van primêre akkoorde as 'n vier-stemmige akkoord in grondposisie.


10.1 Opsomming van vierstemmige akkoorde in Graad 3

⇒ Stemomvang van die verskillende partye:



Vb. 10.1

⇒ Die maksimum afstand tussen die verskillende stemme:



Vb. 10.2



⇒ Die sopraan en tenoor se nootstele wys op en die alt en bas sin af.

10.2 Omkering

Omdat vierstemmige akkoorde bloot 'n verlenging van drieklanke is kan hulle in grondposisie, asook omkering geskryf word (Vb. 10.3). Die besyfering lyk presies dieselfde as die besyfering van drieklanke.

10.6 Akkoord vi (VI)

Die verdubbeling van note in akkoord vi (VI) word op dieselfde wyse as enige majeur of mineur drieklank benader. Wanneer die akkoord egter deur akkoord V voorafgegaan word, moet die **derde** verdubbel word (Vb. 10.6).

C: V vi

Vb. 10.6

Oefening 10.5

Voltooi die volgende akkoorde vierstemmig en maak van die korrekte verdubbeling van note gebruik. Gebruik die gegewe nootwaardes.

B^b: ii⁶ c[#]: V₄⁶ b: iv f: vii^{o6} A: I

d[#]: i₄⁶ E^b: iii g[#]: III⁺⁶ A^b: IV₄⁶ G^b: vi⁶


E: V f[#]: VI⁶ G: vii^{o6} b: III⁺⁶ C^b: I

10.7 Die dominantvierklank in grondposisie¹³

Die dominantvierklank, soos die naam aandui, is 'n dominant-akkoord wat uit vier note bestaan. Dit is 'n dominant-akkoord met 'n mineur sewende wat bokant die grondnoot bygevoeg word (Vb. 10.7).

Die besyfering, soos by drieklanke, dui op die interval bokant die basnoot. Soos in vb. 10.7 gesien kan word, is daar twee wyses van besyfering: tradisionele besyfering en akkoordsimbole bo die notebalk. Die dominantvierklank se akoordsimbool word deur 'n hoofletter, gevolg deur 'n sewe, aangedui. Die hoofletter verteenwoordig die akkoord se grondnoot.


Die dominantvierklank kan vierstemmig geskryf word. Aangesien daar vier akkoordnote is, hoef 'n noot nie verdubbeling te word nie.




Vb. 10.7

Oefening 10.6

Voltooi die volgende dominantvierklanke in grondposisie. Die eerste een word as voorbeeld gegee. Skryf sonder toonsoortteken.



a: V⁷ G: V⁷ c: V⁷ D: V⁷ f: v⁷



A: V⁷ d: v⁷ B^b: V⁷ f#: V⁷ e: V⁷

¹³ Slegs vir die Trinity Guildhall leerplan voorgeskryf.

HOOFSTUK 11

Kadense¹⁴

'n Kadens bestaan uit twee akkoorde. Kadense dien as ruspunkte in musiek en kan met kommas en punte vergelyk word. Kadense kom uit die aard van die saak aan die einde van frases, seksies en komposisies voor.

11.1 Daar is vier verskillende kadense:

- | | |
|---|--------------------------------------|
| ⇒ Outentieke (volmaakte) kadens (V – I) |] Klink voltooid,
soos 'n punt |
| ⇒ Plagale kadens (IV – I) | |
| ⇒ Onvolmaakte kadens (I – V) |] Klink onvoltooid,
soos 'n komma |
| ⇒ Onderbroke kadens (V – vi) | |

Die bogenoemde kadense geld vir beide majeure –en mineur toonsoorte.

11.1.1 Die outentieke (volmaakte) kadens (V – I)

'n Kadens wat die sterkste gevoel van finaliteit skep, word aan die einde van 'n komposisie gebruik. Een van die kadense wat hierdie funksie kan vervul, is die volmaakte kadens, omdat die kadens met die tonika-akkoord eindig (Vb. 11.1).

i) ii)

C: V I a: V i

Vb. 11.1

Die tonika akkoord kom meestal op die eerste maatslag van 'n maat voor. Dis uitsonderlik as dit nie so is nie.

¹⁴ Slegs vir die UNISA en Trinity Guildhall leerplanne voorgeskryf. Die Trinity Guildhall leerplan vereis slegs die identifisering van 'n outentieke –en plagale kadens.

Oefening 11.5

Beslyfer die volgende kadense. Majeur –en mineur toonsoorte moet oorweeg word.

First system of musical notation for Exercise 11.5. It consists of two staves (treble and bass clef) with a grand staff brace. The first measure is in common time (C) with a key signature of one flat (Bb). The second measure is in 2/4 time with a key signature of one sharp (F#). The third measure is in 2/4 time with a key signature of two sharps (F# and C#).

Second system of musical notation for Exercise 11.5. It consists of two staves (treble and bass clef) with a grand staff brace. The first measure is in 2/4 time with a key signature of two sharps (F# and C#). The second measure is in 2/4 time with a key signature of one sharp (F#). The third measure is in 2/4 time with a key signature of two sharps (F# and C#).

Third system of musical notation for Exercise 11.5. It consists of two staves (treble and bass clef) with a grand staff brace. The first measure is in 2/4 time with a key signature of two sharps (F# and C#). The second measure is in common time (C) with a key signature of two flats (Bb and Eb). The third measure is in 2/4 time with a key signature of two sharps (F# and C#).

Oefening 11.6

Voltooi en beslyfer die volgende kadense vierstemmig. Majeur –en mineur toonsoorte moet oorweeg word.

Musical notation for Exercise 11.6. It consists of two staves (treble and bass clef) with a grand staff brace. The first measure is in 2/4 time with a key signature of one flat (Bb). The second measure is in common time (C) with a key signature of one flat (Bb). The third measure is in 2/4 time with a key signature of one flat (Bb).

HOOFSTUK 13

Die Simfonieorkes












Afbakening van die verskillende leerplanne

UNISA	Nie voorgeskryf nie.
ABRSM	Basiese kennis (omvang uitgesluit) van orkesinstrument.
Trinity Guildhall	Instrumente, hulle omvang en die orkesseksies waaraan hulle behoort. Die blokfluit en kitaar is ook voorgeskryf.

Hierdie hoofstuk dien as inleiding tot die standaard orkes instrumente.

Die verskillende seksies (families) van die orkes en die instrumente wat aan elkeen behoort is hieronder uiteengesit.

Strykinstrumente				
Viool	Altviool	Tjello	Kontrabas	
				
Houtblasers				
Fluit	Hobo	Klarinet	Engelse horing	Fagot
				
Koperblasers				
Trompet	(Franse) horing	Tromboon	Tuba	
				

13.4 Einskappe van perkussie

- ⇒ Die perkussie seksie bestaan uit 'n groep instrumente wat geslaan, geskraap, geskud of gepluk word om klank te produseer.
- ⇒ Sommige instrumente beskik oor 'n vaste toonhoogte, waar ander oor 'n onbepaalde toonhoogte beskik. Instrumente met 'n onbepaalde toonhoogte, soos die simbale, beskik nie oor 'n spesifieke toonhoogte nie.

13.5 Nie-orkesinstrumente¹⁶

Die kitaar	
<ul style="list-style-type: none">⇒ Die kitaar is 'n snaarinstrument.⇒ Sy omvang is as volg (let op die sleutel):	
Die sopraanblokfluit	
<ul style="list-style-type: none">⇒ Die sopraanblokfluit is 'n houtblaasinstrument.⇒ Sy musiek word 'n oktaaf laer as wat dit klink, genoteer.⇒ Sy omvang is as volg:	

Oefening 13.1

Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die instrumente wat hierbo bespreek is:

13.1.1 Watter instrumente is transponerende instrumente? _____

13.1.2 Aan watter seksie behoort die hobo? _____

13.1.3 Watter instrumente se musiek word almal in die G-sleutel genoteer?

13.1.4 Noem die instrumente wat onder die strykers geklassifiseer word.

13.1.5 Hoe word 'n klarinet in B \flat se musiek genoteer? _____

¹⁶ Slegs vir die Trinity Guildhall leerplan voorgeskryf.

HOOFTUK 14

Musiekuitdrukings en versierings



Afbakening van die verskillende leerplanne

Algemene terme is onder 14.1 gelys. Langs elke term is sy taal in hakies aangedui: A = Afrikaans, D = Duits, F = Frans, I = Italiaans en L = Latyn. Die betrokke eksamenliggame is as volg aangedui: U = UNISA, R = ABRSM (Royal Schools) en T = Trinity Guildhall. Definisies wat slegs op die ABRSM leerplan van toepassing is, is onder nommer 14.2 gelys. Definisies wat slegs op die Trinity Guildhall leerplan van toepassing is, is onder nommer 14.3 gelys.

14.1 Algemene terme en tekens

Term	Afkorting of teken	Betekenis	Eksamenliggaam
Dinamiek			
con forza (I)		met krag	U R
crescendo (I)	cresc./ ≡	geleidelik harder	U R T
decrescendo (I)	decresc./ ≡	geleidelik sagter	U R T
diminuendo (I)	dim./dimin. ≡	geleidelik sagter	U R T
forte (I)	f	hard	U R T
fortepiano (I)	fp	hard en dan dadelik sag	U R T
fortissimo (I)	ff	baie hard	U R T
marcato (I)	marc.	beklemtoon	U T
mezzo forte (I)	mf	matig hard	U R T
mezzo piano (I)	mp	matig sag	U R T
pianissimo (I)	pp	baie sag	U R T
piano (I)	p	sag	U R T
rinforzando (I)	rf/rfz/rinf.	skielike aksent op 'n noot/vinnige crescendo	U R
sforzando-piano (I)	sfp	hard en dan dadelik sag	U
smorzando (I)	smorz.	wegsterwend	U R
Tempo			
a tempo (I)		in die oorspronklike tempo	U T
accelerando (I)	accel.	geleidelik vinniger	U R T
adagio (I)		stadig	U R T